# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

**Paper 0512/01**
**Reading**

**Kernboodskappe**

Ten einde goed te vaar in Vraag 1 moes kandidate:

- teks A met begrip kon lees,
- die opdragte verstaan, en,
- hulle reaksie op die vrae bondig en doeltreffend kon weergee.

Ten einde goed te vaar in Vraag 2 moes kandidate in staat wees om:

- kernaspekte in die twee tekste te identifiseer en te vergelyk, en,
- hulle idees duidelik, bondig en akkuraat uit te druk.

**Algemene kommentaar**

Kandidate moet hulle inisiatief gebruik om groter blootstelling aan Afrikaans te kry. Deur boeke, tydskrifte en koerante baie gereeld te lees, kan hulle hul woordeskat uitbrei en Afrikaans idiomaties leer gebruik.

**Kommentaar op spesifieke vrae**

**Vraag 1**

**(a)** Ten einde hierdie vraag te beantwoord, moes kandidate die kontras tussen die skrywer se gevoelens oor storms in paragraaf 1 en 2 kon identifiseer – sy "selfsugtige" genot teenoor sy "onselfsugtige" meegevoel met mense wat onder storms ly.

**(b)** Hierdie vraag het vereis dat kandidate evalueer op watter wyse die skrywer oorgedra het hoe die omgewing tussen die Liesbeek en die Swartrivier in die verlede daar uitgesien het. Hulle moes drie besonderhede noem.

**(c)** Kandidate moes 'n bewys noem van die skrywer se goeie kennis van die weersomstandighede van die omgewing waar hy woon. Daar is nie gevra dat hulle moet aanhaal nie.

**(d)** Hierdie vraag toets altyd kandidate se begrip van idiomatiese of metaforiese taal. Diegene wat die gebruik van die woorde binne die konteks van die teks verstaan het, het goed gevaar.

Kandidate moet herinner word dat hulle die uitdrukkings moet omskryf soos dit in die teks gebruik word.

**(e)** Kandidate wat goed in hierdie vraag gevaar het, het spesifieke inligting en genoeg besonderhede verskaf. Hulle het duidelike bewyse gegee waarom die skrywer so positief oor Kader Asmal se plan is. Hoe meer spesifiek die verwysings was, hoe beter het die kandidate gevaar. Hulle kon beslis nie idees woordeliks uit die teks neerskryf nie. Aangesien die vraag vier punte getel het, was dit nodig om vier bewyse te noem.

**(f)** Hierdie vraag het getoets of kandidate noukeurig na die laaste paragraaf kon kyk en die verband tussen verskillende aspekte van die laaste paragraaf en die teks kon raaksien. Dit is nie 'n algemene bespreking nie, maar vereis 'n ondersoek na hoe elke aspek van die slotparagraaf met die teks skakel.


© 2017

**(g)** Kandidate wat goed in hierdie vraag gevaar het, het elke aspek van die titel noukeurig ondersoek en sinvolle kommentaar daarop gelewer. Dit was belangrik om die antwoord goed te motiveer.

**Vraag 2**

Verskeie kandidate het goed in die opsomming gevaar en die meeste het verstaan dat hulle nie ’n algemene opsomming moet skryf nie, maar die tekste moet vergelyk en kontrasteer. Kandidate wat ook duidelik na die ooreenkomste en verskille in die tekste se styl en doel verwys het, het die beste gevaar.

Algemene punte waarna opgelet moet word:

- Kandidate moet fokus op wat spesifiek in die opdrag genoem word.
- Stelwyses soos die volgende kan gebruik word:
    - In albei tekste ...
    - Albei tekste ...
    - In Teks A word ..., maar in Teks B ...
    - Teks A ...; Teks B, daarenteen, ...
    - Teks B ..., terwyl Teks A ...
- Kandidate moet genoeg spesifieke inligting verskaf.
- Hulle moet na genoeg sinvolle verskille en ooreenkomste verwys.
- Kandidate moet sover moontlik hul eie woorde gebruik.
- Hulle word daaraan herinner om volsinne in goed gestruktureerde paragrawe te gebruik.
- Kandidate moenie aanhalings gebruik om hul stellings te staaf nie.


© 2017

# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

**Paper 0512/02**
**Writing**

**Algemene kommentaar**

Die kandidate wat die twee onderwerpe waaroor hul opstelle gehandel het, doeltreffend ontgin en oortuigende opstelle geskryf het, het goeie resultate behaal. Goeie opstelle het oor ’n bevredigende inleiding en slot beskik.

Sommige kandidate het vooraf beplanning van hul skryfstukke getoon, maar die meeste opstelle is nie deur sigbare beplanning voorafgegaan nie.

Die opstelle is meestal opgedeel in paragrawe, maar soms was daar nie effektiewe skakeling tussen die opeenvolgende paragrawe nie.

Korrektheid ten opsigte van taalgebruik, veral grammatika, alledaagse idioom, spelling en leestekengebruik skiet te kort. Ten einde hul beheer en kennis van Afrikaans te verbeter, moet kandidate deur die loop van die jaar beskikbare taalhandboeke gebruik waarin taalaspekte en -strukture verduidelik en oefeninge verskaf word om dit in te skerp.

Wat inhoud en styl betref, het sommige skryfstukke nie aan hul doel beantwoord nie, weens herhaling, gebrekkige ontwikkeling of onoortuigende argumente en beelde.

Daar moet aandag gegee word aan die volgende:

- Die gebruik van die oortreffende trap, bv. die interessantste is korrek in plaas van ‘die mees interessantste; die wonderlikste ding in plaas van ‘die mees wonderlikste ding’.
- Dit is verkeerd om te skryf ‘sonder dit’ of ‘vir dit’. Dit moet wees *daarsonder* en *daarvoor*.
- Insgelyks is dit verkeerd om te sê ‘musiek wat jy na gaan luister’. Dit moet wees: musiek waarna jy gaan luister.
- Die voornaamwoorde jy en jou word gebruik in sinne soos die volgende: Gevoelens wat ’n mens kry wanneer jy na musiek luister.
- Na my mening is die korrekte Afrikaans vir die Engelse woorde *in my opinion.*
- Leestekenfoute:
  - Die komma is meestal weggelaat tussen werkwoorde (gesegdes) in sinne waar daar ’n ruspunt in die sin voorkom, soos: Wat ek bedoel, is dat dit nie altyd lekker is nie.
  - Soms is ’n komma tussen hoofsinne geplaas, waar dit ’n kommapunt moet wees, of ’n nuwe sin begin moet word, byvoorbeeld: Ek stem saam met Amy Chua, niks is lekker as ’n mens dit nie geniet nie. Korrek: Ek stem saam met Amy Chua; niks is lekker as ’n mens dit nie geniet dit nie.
    Of: Gebruik ’n voegwoord in die plek van die kommapunt: Ek stem saam met Amy Chua, want niks is lekker as ’n mens dit nie geniet nie.
  - Die meeste kandidate laat die komma weg voor die voegwoorde ‘want’ en ‘maar’.
- Spelfoute:
  - Enkel – en dubbelvokale: Dubbelvokale word dikwels verkeerdelik in woorde (oop lettergrepe) waarin lang klanke voorkom gebruik i.p.v. ’n enkelvokaal: *informaasie* i.p.v. informasie, *kaans*, i.p.v. kans; ooral i.p.v. oral en stimuleerend, i.p.v. stimulerend.
  - Voorbeelde van foute waar woorde met verkeerde konsonante gespel word: Die letters *y, ei* en *ui* word verkeerd gebruik, soos ‘roomeis’, i.p.v. roomys; ‘vreiheid’ i.p.v. vryheid, ‘keur’ i.p.v. keer, ‘gehuime’ i.p.v. geheime.
  - Foutiewe gebruik van die letters f en v: friendelik i.p.v. vriendelik; ‘forms’ i.p.v. vorms.
  - Die redes vir die gebruik van ’n deelteken word nie altyd verstaan nie; daarom spelfoute, byvoorbeeld: ‘proë’ i.p.v. proe (dit is slegs een lettergreep en ’n deelteken verdeel klanke in lettergrepe; dus nie nodig nie), ‘kniee’ en ‘koe[e]ls’ i.p.v. knieë en koeëls (albei twee lettergrepe soos aangedui deur die deelteken op die tweede lettergreep).


© 2017

- Deeltjiewerkwoorde soos afkyk, aangaan word verkeerdelik los geskryf i.p.v. vas.
- Samestellings word meestal los geskryf i.p.v. vas, soos houthuis, sandkorrel, sementpad en winterfees wat vas geskryf word.
- Ander spelfoute: 'warem', i.p.v. warm; 'dowe', i.p.v. dowwe; 'nogsteeds' (byna altyd as een woord gespel), 'partydtjie', i.p.v. partytjie, 'mooilikheid', i.p.v. moeilikheid en 'quessie', i.p.v. kwessie, 'famielie' i.p.v. familie en 'die sefte' i.p.v. dieselfde.

Kandidate moet deur die loop van die skooljaar dikwels skryfvaardighede oefen, nie noodwendig almal lang opstelle soos wat hulle in hierdie eksamen moet skryf nie, maar ook korter skryfstukke waarin spesifieke skryftegnieke toegepas moet word en korrekte woordeskat nodig is om gedagtes noukeurig oor te dra. Woordeboekgebruik word sodoende ook geoefen.

**Kommentaar op spesifieke opstelonderwerpe**

***Afdeling 1: Beredenerend en argumenterend***

**(a)** 'n Groot deel van die kandidate het hierdie onderwerp gekies, waarskynlik omdat musiek 'n integrale deel van die meeste van hulle se leefwêreld is. Party het met goeie argumente vorendag gekom, soos dat musiek 'n medium is waardeur mense emosies en situasies waarmee hulle te doen kry, kan verwerk, dat dit 'medisyne vir die gees' is en dus hartseer en stres verlig. Party van die opstelle was egter, hoewel toepaslik, taamlik onsamehangend sodat die argumente nie oortuig het nie.

**(b)** Hierdie onderwerp was ook redelik gewild en argumente wat gebruik is, was gewoonlik gepas. Gewoonlik is voor- en nadele van so 'n oorbruggingsjaar genoem, byvoorbeeld dat dit vir 'n 'lui student' beter is om dadelik verder te begin studeer, maar dat dit voordele inhou vir 'n student wat 'wil leer', byvoorbeeld tyd om ervaring op te doen en seker te maak dat die regte studierigting gekies word – dat dit beter is om goed te dink voordat 'halsoorkop ingespring' word. Dit is waarskynlik 'n onderwerp waaroor die meeste van die kandidate al gedink het. Een van opskrifte veral baie gepas: 'n Jaar van vryheid of 'n jaar gemors?

**(c)** Kandidate wat oor hierdie onderwerp geskryf het, het meestal die standpunt ingeneem dat tieners te behep is met hoe hulle lyk, meestal as gevolg van groepsdruk en die samelewing, wat soveel klem plaas op uiterlike voorkoms. Een kandidaat het genoem dat daar 'met tieners se koppe gesmokkel word' en dat selfvertoue beter is as 'n 'aangeplakte selfbeeld'. Van die opstelle het egter te veel herhaling bevat en soms het ernstige taalfoute en foutiewe sinne tot onbevredigende punte gelei.

**(d)** Die kandidate wat dit aangepak het, het gewoonlik daarin geslaag om hul argumente redelik oortuigend te motiveer, veral as eie ondervindings bespreek is. Daar is soms nie met Amy Chua se standpunt saamgestem nie, wanneer kandidate gesê het hulle geniet 'n aktiwiteit, ten spyte daarvan dat hulle nie watwonders goed daarin is nie. Sommige kandidate het ook gemeen dat dit wel waar is dat 'n mens soms nie van 'n werk of ander aktiwiteit hou nie omdat jy nie daarin presteer nie of daarmee sukkel, maar namate jy meer ervaring daarin opdoen, beter vaar en dit dan begin geniet.

***Afdeling 2: Beskrywend en verhalend***

**(a)** Beskrywende opstelle vereis dat 'n beeld geskep moet word deur woorde te kies wat 'n toneel of plek, en die atmosfeer en stemming wat daar heers op 'n lewendige manier skets sodat 'n leser van die skryfstuk dit byna self beleef. Die kandidate se woordeskat en taalbeheer was nie altyd goed genoeg om in hierdie doel te slaag nie.

**(b)** Hierdie onderwerp vereis ook 'n beskrywende opstel, in dié geval oor 'n droom. Dikwels was die droom wat beskryf is, aangenaam en soms 'n aaklige nagmerrie. Die inhoud van sommige opstelle was onoortuigend en taalkundig swak. Soms is nooit daarna verwys dat dit 'n droom was nie.


© 2017

**(c)** Selfone speel deesdae ’n baie belangrike rol in mense se lewe; dus kon die kandidate wat die onderwerp gekies het ’n verhaal om ’n selfoon weef. Hierdie opstelle het oor die algemeen ’n bevredigende storielyn gehad. Dit was meestal eenvoudige stories, maar hulle het tog grotendeels ’n mate van verdienste gehad. ’n Mens lees en hoor dikwels sulke verhale oor gebeurtenisse waar iemand se selfoon hom of haar uit ’n penarie gered het of hoedat dit deur skelms gebruik word om toegang tot mense se bankrekening te kry. Inligting op selfone help ook om misdadigers op te spoor.

**(d)** Min kandidate het hierdie opstel aangepak.



© 2017